

Woensdag 3 Augustus

Skrifgedeelte: Lukas 24:44-53; HK Sondag 20

Fokusgedeelte: Lukas 24:51, 52

Onder sy seënende hande!

Die handgebaar om te seën mag nooit vir ons 'n blote formaliteit word nie – allermens as dit van ons Here Jesus self kom. Ook met hierdie gebaar vervul Hy alles wat in die Skrif op Hom betrekking het. Kyk mooi na die verloop van gebeure soos dit hier beskryf word ...

Eers word hulle oortuig dat Hy lewe. Daarna beklemtoon Hy dat alles wat oor Hom in die Skrif staan, vervul moet word. Dan fokus Hy spesifiek op sy lyding, dood en opstanding op grond waarvan bekering en vergifnis van sonde aan al die nasies verkondig moet word. Uiteindelik bevestig Hy dat juis hulle daarvan moet getuig en dat hulle die Heilige Gees sal ontvang om dit te kan doen.

Wat ontbreek nog? Die vervulling van die priesterlike seën van Numeri 6:22-26. *“Die Here sal julle seën en julle beskerm; die Here sal tot julle redding verskyn en julle genadig wees; die Here sal julle gebede verhoor en aan julle vrede gee!”* Nou staan daar geskryf: *“Terwyl Hy hulle seën, het Hy van hulle af weggegaan en is Hy in die hemel opgeneem. Hulle het Hom aanbid en met groot blydschap na Jerusalem toe teruggegaan”* (vs 51, 52).

So het hulle as geseëndes met blydschap begin om onder sy seënende hande te leef. Van Jerusalem en verder is hulle uitgestuur met en onder sy seën. So het sy priesterlike seën ook tot by ons gekom. Glo dit en wees bly dat jy elke dag onder sy seënende hande kan leef.

Sing: Skrifberyming 19-3:1-4

Ds. JA (Johan) Schutte (Sasolburg)